

Die ligpunt van die evangelie: God se genade is groter as my sondige verlede

Soos lig 'n donker vertrek verlig, sodat jy selfs die stof op die meubels raaksien, so verlig God se Woord, in besonder die Tien Gebooie, ons lewe, sodat ons ons eie sondigheid kan raaksien. Hiervan hou die hedendaagse mens natuurlik glad nie, want hy wil nie hoor hoe sondig hy is nie. Daarom probeer hy met allerande redenasies sy sondes wegredeneer. In Johannes se tyd was dit ook so. Daar was mense wat beweer het dat hulle nie enige sondes gehad het (1:8) of enige sonde gedoen het nie (1:10). 'n Hoogmoedige selfvoldaanheid het hulle vir hulle eie sondes blind gemaak. Indien 'n mens daarop sou aanspraak maak dat jy nog nooit iets verkeerd gedoen het nie, dan insinueer jy dat God 'n leuenaar is (1:10). Die Bybel stel tog duidelik dat die mens van nature 'n sondaar is (Ps 14; Rom 3). So is baie mense vandag nog blind vir hulle eie sonde. Dalk herken jy dit in jou eie lewe of mense naby jou wat die skuld en die blaam altyd na ander projekteer.

Maar deur so te redeneer, gaan God se genade by hulle verby, want Christus het juis deur sy offer aan die kruis, vergifnis van sondes gebring (Ef 1:7). Verder is Hy die gelowige se Voorspraak by die Vader (2:1) en die versoening van ons sondes (2:2). Hierdie woorde bring vir die sondaar wat sy sonde ken en bely, hoop, want ons het al baie sondige keuses gemaak en dinge gedoen wat God oneer aangedoen het. Ons het ook baie dinge gedoen waarop ons glad nie trots is nie, waarop ons skuldig voel en eerder van wil vergeet. Dan moet ons nie hierdie skuldgevoelens koester nie, maar ons sondes voor God gaan bely. Wie dit in opregtheid doen, ontvang die heerlike belofte: God is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid (1:9). Maar is daar perke aan God se vergifnis? As daar is, sou Jakob die bedrieër, dit waarskynlik nooit gevind het nie, Dawid, die egbreker ook nie, so ook nie Petrus wat Jesus verloën het nie en ook nie die misdadiger aan die kruis nie. Ja, uit die Woord kan ons weet dat God se genade groter is as my sondige verlede. Daarom kan ons met ons sondes na God toe gaan, want Hy sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie (Ps 51).

Sing: Psalm 65:2 (1936)

Ds PC van Rooy (Komatipoort)